LES 12: GOD GEE NOOIT OP MET MENSE NIE - HY HELP HULLE

'n Les gemik op pre-tieners (gr. 4 - 7)

Skrifgedeelte: Genesis 32: 22-32

Doel:

Dat kinders sal besef dat God in hulle lewens wil ingryp om vir hulle 'n nuwe begin te gee.

Inleiding:

Speletjie: die rimpel effek

Druk die volgende WARE gevallestudies elkeen op 'n aparte vel papier uit. Verder benodig jy ook 'n bal, CD-speler en musiek CD.

Laat die kinders in 'n kring staan. Terwyl die musiek, speel gee hulle die bal agter hulle rug in die sirkel aan. Wanneer die musiek stop, moet die kind wat die bal vashou, een van die kaartjies lees of vir 'n ander kind gee om te lees.

Vra die volgende vrae en plak daarna die kaartjie op die witbord:

- Watter gevolge het die persoon se dade vir hom ingehou?
- Hoe dink jy het die persoon gevoel oor die situasie waarin hy homself laat beland het?
- Watter moontlike gevolge kon die persoon se dade hê op sy verhouding met die Here?

Doen dit met al vier kaartjies.

GEVALLESTUDIE KAARTJIES

1. Ek steel al vir jare geld van my pa. Ek dink nie hy glo die leuens wat ek hom vertel om myself te "cover" nie. Hy het my nog net een keer REGTIG uitgevang. Onlangs het hy my na 'n ander universiteit gestuur om te gaan leer om 'n DOMINEE te word! Wat 'n grap! Nou steel ek van die universiteit en van my vriende en my dosente. Ek glip by hotelle en restaurante uit sonder om te betaal. Selfs tronkstraf kon my nie sover kry om op te hou steel nie. Ek steel nog al die pad en lieg daaroor. Ek is 'n hopelose mislukking wat eerlikheid aanbetref.

2. Ek speel klavier vandat ek 3 jaar oud is. Ek het van jongs af begin liedjies skryf. Toe ek 12 jr oud was, het ek 'n liedjie geskryf wat opgeneem is ("recorded"). Mense het vir my gesê ek het die potensiaal om 'n groot musiekster te word. Ek sou baie beroemd en ryk wees. Ek het toe nooit die groot musiekster geword wat almal gedink het nie. Ek het nie beroemd geword nie en ek het nie platekontrakte of geld gekry nie. Dit het gevoel asof iemand my verkul het. My belowende toekoms het na iemand anders gegaan. Ek het weggeloop van my ouerhuis. Ek het baie dwelms gebruik, baie mense seergemaak en al die dinge gedoen wat iemand wat 'n totale mislukking is, sal doen.

3. Ek is 'n arm kind. Die meeste van my broers en susters is dood toe hulle nog baie klein was. My pa is 'n alkoholis. Hy het sy werk verloor. Daarom moes ons trek. Hy het my ma baie sleg behandel. Ons het geen geld vir kos gehad nie. Teen die tyd dat ek 10 jaar oud was, het ek 'n werk gehad. Ek het hard gewerk vir die helfte van die dag. Ek het skool gegaan vir die ander helfte van die dag. Ek het kwaad geword omdat ek so 'n lewe moes ly. Watter toekoms kan 'n arm dogter soos ek hê, met 'n dronklap van 'n pa? Ek het begin vriende maak met die straatbendes van my dorp. Ek het wild en gemeen geword en dit pla my niks. My lewe was van die begin af bestem om 'n mislukking te wees.

4. Ek is die jongste en my ma se witbroodjie. Ek weet wat ek wil hê en ek sorg dat ek dit kry. Ek het my broer se erfporsie met 'n skelmstreek in die hande gekry. Ek het nie omgegee om skaamteloos vir my pa te jok sodat ek my broer in die proses daardeur kon benadeel nie. My hele lewe lank het ek skaamteloos mense bedrieg en myself bevoordeel. My naam beteken immers bedrieër en daarom leef ek dit uit.

Gevolgtrekking:

- Al vier ware verhale stem ooreen deurdat die persone nie vir God lief was nie en Hom ook nie gehoorsaam het nie.
- ALMAL van ons sondig een of ander tyd, voldoen nie aan God se standaarde nie en kan die plan wat God vir ons lewe het daardeur mis.
- Die stories wat ons nou gehoor het, eindig egter nie hier nie.
- Ons gaan later die res van die stories hoor.

Wat sê die Bybel oor hoe God ingryp in lewens?

Daar was 'n man wat op vlug was met sy hele gesin. Hulle moes deur 'n rivier gaan. Die plek waar hulle deurgegaan het, is die driwwe van Jabbok genoem. Hy het sy familie eers deurgestuur, maar hy het alleen agtergebly. Terwyl hy nog so staan, het 'n man (party Bybelverklaarders sê dit was God self in die vorm van 'n engel) hom skielik gepak en hulle twee het begin veg. Die geveg het tot dagbreek die volgende oggend aangehou. Toe die engel sien hierdie man is te sterk vir hom, het hy die man 'n laaste harde hou op die heup gegee. Dit was so erg dat sy heup heeltemal uit potjie gespring het. Die engel sê toe die man moet hom los, maar die man weier. Hy wou gehad het dat die engel hom eers moes help, voordat hy hom sou los. (Gen 32:22-26)

- Onthou julle dat God wil ingryp in lewens? Hierdie storie wys ons iets daarvan.
- God wil ons persoonlik ontmoet.
- God het ingegryp by die vier persone van wie ons aan die begin gehoor het. Hoor wat is die res van hulle stories.

Die res van die storie:

(Gaan voort met die speletjie en plak die kaartjies met die res van die stories, langs die ooreenstemmende kaartjies.)

1. 'n Vriend het my van 'n biduur vertel. Omdat ek besig was om te leer om 'n predikant te word, het ek gedink dit sal goed wees as ek gaan. Die mense by die biduur was so vol liefde en vreugde. Ek het besef dat ek 'n nuwe begin nodig het. Ek het vir God gevra om my sondes te vergewe. Ek het my hele lewe vir Jesus Christus gegee. Hy het vir my 'n nuwe begin gegee. Hy het my gehelp om op te hou leuens vertel. Hy het my gehelp dat ek nooit weer wou steel nie. Later het ek baie kinderhuise begin om vir weeskinders en arm kinders 'n nuwe begin te gee. Ek het vir mense van die Bybel geleer en deur die wêreld gereis om vir mense die Goeie Nuus van Jesus te vertel. Vandat God vir my, die dief en leuenaar, 'n nuwe begin gegee het, het ek nog nooit vir mense geld gevra nie. My Hemelse Vader sorg elke dag vir my. Wie is ek? George Muller, onderwyser, sendeling, predikant, stigter van kinderhuise, en voorheen 'n dief.

2. Ek het 'n pragtige meisie, Melody, ontmoet. Sy het ook 'n baie hartseer lewe gehad. Ons was baie lief vir mekaar en het getrou. En toe ontmoet ek Jesus Christus! Hy het my sonde vergewe en my 'n nuwe begin gegee. Hy het my woede weggeneem. Ek het nuwe liedjies begin skryf - van hoe bly ek was dat Jesus nou in my lewe is. Dit was nie lank nie, of ek het orals oor my liedjies gesing. Ons het konserte gehou en klankopnames gedoen. Ons huis was oop vir mense wat seer in hulle lewens gehad het. God het vir my 'n nuwe begin gegee, 'n nuwe lewe en nuwe liedjies. Wie is ek? Keith Green, musikant, evangelis en voorheen 'n mislukking in die lewe en in die musiekbedryf.

3. Daar was 'n ou tannie in my buurt. Sy was baie goed vir my. Sy het my van Jesus vertel. Ek het my lewe vir Jesus gegee. Dit het alles verander! Ek het begin Sondagskool hou vir die kinders in my dorp. Toe hoor ek van die hartseer dinge wat in 'n deel van Afrika gebeur. Ek het besluit om te gaan kyk hoe ek daar kan help. Ek het die taal geleer en in Afrika gebly vir die res van my lewe. Oor die jare heen het ek baie babas se lewens gered, ook die lewens van vroue en kinders. Ek het mense geleer van Jesus. Wie is ek? Mary Slessor, sendeling en voorheen 'n kind wat geen toekoms gehad het nie.

4. Ek het 'n persoonlike ontmoeting met God gehad by 'n rivier. Ek het daar met God baklei. Hy het vir my 'n nuwe naam gegee. 'n Hele nasie is na my vernoem. My lewe het radikaal verander. Ek het vrede met my broer gemaak. Ek het opgehou om mense te bedrieg. Van nou af dien ek die Here. Wie is ek? Israel, voorheen Jakob, die bedrieër.

Nadat die gevallestudies by mekaar gepas is, vra die volgende vrae:

- Watter storie dink jy het die mees verrassende einde? Hoekom?
- Wat kon moontlik gebeur het tussen die begin en die einde van elke storie?
- Vertel op watter maniere God vir elkeen van hierdie mense 'n nuwe begin gegee het
- Wat dink jy sal hierdie mense sê oor God se ingryping in hulle lewens?
- Wat sou jy vir 'n kind van jou ouderdom sê as hy ver van die Here lewe? Wat sou jy wou hê daardie persoon moet weet oor God se ingryping in lewens wat op die oog af hopeloos lyk?

Gee vir elke kind 'n papiertjie en pen. Hy kan dan daarop vir die Here sê wat nou op sy hart is. Sluit af deur vir die kinders te bid.